

23

HERSIENING LESSE 18-21

Evaluering van kennis

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet die belangrikste van Lesse 18-21 ken.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet die belangrikste feite uit Lesse 18-21 ken.

Gesindheid

Die kinders moet –

- bereid wees om die belangrikste feite van Lesse 18-21 te leer en te ken.
- bly wees oor die geleentheid om 'n geheelprent oor die werk te kry.
- bereid wees om dit wat hulle geleer het, te gaan uitleef.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om –

- dit wat hulle by elke les geleer het, in eie woorde weer te gee.
- dit wat hulle in Lesse 18-21 geleer het, te gaan uitleef in hul alledaagse lewe.

MEER INLIGTING

In Lesse 18-21 het ons na die volgende belangrike sake gekyk:

- Simson se geskiedenis. Daar het ons geleer om na die Here te luister. Hy verwag dat ons reg sal leef.
- Jona se wedervaringe waaruit ons leer dat die Here besorg is oor almal.
- Hoe ons ons verlossing moet vier.
- Uit Samuel en Dawid se geskiedenis leer ons dat God ons harte ken – Hy kyk veral na die innerlike en nie na die uiterlike nie.

Jy het nodig

- Twee afskrifte van vraestelle 1 en 2 hieronder.
- Eetgoed vir elke lid in die wenspan.

AANBIEDING

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

IETS BELANGRIK

Lees die feite by Les 21 se BY DIE HUIS: LEER vir hulle deur en vra dat hulle aandagtig luister.

KOM ONS SPRING AAN DIE WERK

Die klas word in twee groepe verdeel. Elke groep ontvang een van die vraestelle. Die vrae word dan beurtelings deur iemand uit die een groep aan die ander groep gevra. Hou deeglik puntetelling om gesonde kompetisie aan te moedig. Die span wat wen, ontvang die eetgoed.

Antwoorde op vraestel 1

Sê of die volgende stellings waar/onwaar is. Indien onwaar, gee die korrekte antwoord.

1. Simson se pa se naam was Noag. (*O – Manoag*) (1)
2. Simson was opstandig teenoor sy ouers, daarom het hy nooit sy hare gesny nie. (*O – Hy was gewy aan die Here*) (1)
3. Simson het sy krag verloor omdat hy sy belofte aan God verbreek het. (*W*) (1)
4. Die vrou wat vir Simson bedrieg het, se naam was Debora. (*O – Delila*) (1)

Beantwoord die volgende vrae:

5. Waarheen het God vir Jona gestuur? (*Nineve*) (1)
6. Waarom het God hom daarheen gestuur? (*God wou hê die mense moet ophou met die slegte dinge*) (1)
7. Waar het Jona vir God gaan wegkruip? (*Jona wou nie gaan nie en kruip in 'n skip vir God weg*) (1)
8. Hoe het God vir Noag uit die onstuimige see gered? (*'n Vis sluk Jona in en spoeg hom naby Nineve op die grond uit*) (1)
9. Wat was God se bedoeling met die sabbat? (*God se bedoeling met die sabbatdag was dat sy volk **kon rus en onthou dat Hy hulle gered het***) (2)
10. Hoekom aanbid ons op Sondae? (*Ons aanbid op Sondag, want Jesus is op die eerste dag van die week uit die dood opgewek*) (1)

Kies die regte antwoord:

11. Samuel moes een van Isak / Isai / Isaskar se seuns as die nuwe koning gaan salf. (*Isai*) (1)

12. Wanneer God 'n koning kies, is die persoon se voorkoms / gevegskuns / innerlike vir hom die belangrikste. (*Innerlike*) (1)
13. Dawid het sy pa se bokke / skape / donkies in die veld opgepas. (*Skape*) (1)
14. Josef en Miriam / Elisabeth / Maria was Jesus se aardse ouers. (*O – Maria*) (1)

(15)

Antwoorde op vraestel 2

Sê of die volgende stellings waar/onwaar is. Indien onwaar, gee die korrekte antwoord.

1. Ons moet gehoorsaam aan God wees, want ons kan nie vir Hom wegkruip nie. (*W*) (1)
2. Die Here sien net om na mense wat Hom ken. (*O – Die Here sien om na alle mense, selfs dié wat Hom nie ken nie*) (1)
3. Die Here wil hê dat die uiterlike vir ons belangriker as die innerlike moet wees. (*O – Die innerlike is belangriker as die uiterlike*) (1)
4. Sondag is die sewende dag – die sabbatdag van die Jode. (*O – Saterdag is die Jode se sabbatdag*) (1)

Beantwoord die volgende vrae:

5. Wat het met die skip gebeur waarop Jona gaan wegkruip het? (*'n Hewige storm tref die skip*) (1)
6. Wat het met Jona gebeur toe hulle agterkom dat die storm sy skuld is? (*Hy is in die see gegooi*) (1)
7. Wie het geleer dat die sabbatdag nie vir 'n mens 'n las moes wees nie? (*Jesus*) (1)
8. Noem twee dinge wat op die sabbatdag (wat Sondag geword het) gedoen mag word. (*Enige twee van die volgende drie kan genoem word: te rus; God te dien en die verlossing wat Hy gee, te vier; medemense te help*) (2)
9. Watter instrument het Dawid bespeel? (*Lier*) (1)
10. Watter werk het Dawid vir sy pa gedoen? (*Skape opgepas*) (1)

Kies die regte antwoord:

11. Die Jode het die sabbatdag met soveel reëls gelaai dat dit vir mense lekker/ 'n las / vervelig geword het. (*'n Las*) (1)
12. Jesus se aardse ouers, Maria en Jabes / Jona / Josef, was ook maar net gewone mense, maar God het hulle gekies om Jesus se ouers te wees. (*Josef*) (1)
13. Jesus het op die sabbatdag saam met sy dissipels aanhou werk / gaan ontspan / nie meer kerk toe gegaan nie. (*gaan ontspan*) (1)
14. Die Here het Samuel / Saul gelei om die regte koning te kies. (*Samuel*) (1)

(15)

Tel die punte op. Kyk wie het gewen. Wens hulle geluk en deel die eetgoed uit.

AFSLUITING

Laat een van die kinders met wie vooraf gereël is, afsluit.

Vraestel 1

Sê of die volgende stellings waar/onwaar is. Indien onwaar, gee die korrekte antwoord.

1. Simson se pa se naam was Noag.
2. Simson was opstandig teenoor sy ouers, daarom het hy nooit sy hare gesny nie.
3. Simson het sy krag verloor omdat hy sy belofte aan God verbreek het.
4. Die vrou wat vir Simson bedrieg het, se naam was Debora.

Beantwoord die volgende vrae:

5. Waarheen het God vir Jona gestuur?
6. Waarom het God hom daarheen gestuur?
7. Waar het Jona vir God gaan wegkruip?
8. Hoe het God vir Noag uit die onstuimige see gered?
9. Wat was God se bedoeling met die Sabbat (twee dinge)?
10. Hoekom aanbid ons op Sondae?

Kies die regte antwoord:

11. Samuel moes een van Isak / Isai / Isaskar se seuns as die nuwe koning gaan salf.
12. Wanneer God 'n koning kies, is die persoon se voorkoms / gevegskuns / innerlike vir hom die belangrikste.
13. Dawid het sy pa se bokke / skape / donkies in die veld opgepas.
14. Josef en Miriam / Elisabeth / Maria was Jesus se aardse ouers.

Vraestel 2

Sê of die volgende stellings waar/onwaar is. Indien onwaar, gee die korrekte antwoord.

1. Ons moet gehoorsaam aan God wees, want ons kan nie vir Hom wegkruip nie.
2. Die Here sien net om na mense wat Hom ken.
3. Die Here wil hê dat die uiterlike vir ons belangriker as die innerlike moet wees.
4. Sondag is die sewende dag – die sabbatdag van die Jode.

Beantwoord die volgende vrae:

5. Wat het met die skip gebeur waarop Jona gaan wegkruip het?
6. Wat het met Jona gebeur toe hulle agterkom dat die storm sy skuld is?
7. Wie het geleer dat die sabbatdag nie vir 'n mens 'n las moes wees nie?
8. Noem twee dinge wat op die sabbatdag (wat Sondag geword het) gedoen mag word.
9. Watter instrument het Dawid bespeel?
10. Watter werk het Dawid vir sy pa gedoen?

Kies die regte antwoord:

11. Die Jode het die sabbatdag met soveel reëls gelaai dat dit vir mense lekker / 'n las / vervelig geword het.
12. Jesus se aardse ouers, Maria en Jabes / Jona / Josef, was ook maar net gewone mense, maar God het hulle gekies om Jesus se ouers te wees.
13. Jesus het op die sabbatdag saam met sy dissipels aanhou werk / gaan ontspan / nie meer kerk toe gegaan nie.
14. Die Here het vir Samuel / Saul gelei om die regte koning te kies.